**AMAGP VORDERINGSVERSLAG - MEI 2018**

**1.** **Inleiding**. Die Huidige Bestuur van die AMAGP bestaan uit die volgende lede:

| | |
|---|---|
| Ere-President - | Adamus (AP) Stemmet |
| Voorsitter - | Antonie Visser |
| Vise-Voorsitter - | Albert van Driel |
| Uitvoerende Lede - | Hendrik (Hennie) Roux |
| | Hendrik Bernardus (Hennie) Heymans |
| Gekoöpteerde Lid - | David Blyth |
| Sekretaris - | Errol Massey-Hicks |

**2.** **Omgewing.** Om te verstaan tot watter mate die AMAGP vorder is dit nodig om die omgewing waarbinne dit funksioneer, te verstaan. Die AMAGP is nou reeds twee jaar aan die gang, en die omgewing word gekenmerk deur die volgende aspekte:

- **Fondse**. Alles wat ons tot onlangs onderneem het, is ten koste van ‘n paar individue se sakke! Geen litigasie deur ons self kan oorweeg word nie, behalwe as iemand anders dit kosteloos vir ons doen.

- **Houding van die GEPF se Raad van Trustees Raad)**. Die Raad doen hulle bes om geen spesifieke antwoorde op ons pertinente vrae te verskaf nie. Tydens samesprekings word ‘n soortgelyke houding ingeneem. Sekere aspekte word in geheimhouding gehul.

- **GEPF Magsbasis**. Die GEPF en OBK (Openbare Beleggingskorporasie) het ‘n groot onderbou van personeel, en het baie fondse tot hulle beskikking. Hulle het selfs versekering vir moontlike eise teen hul personeel. Raadslede (wat die belangrikste besluite oor ons fonds neem) word met ons geld betaal! Ons word slegs deur een van die 16 raadslede verteenwoordig, en die persoon word oënskynlik nie toegelaat om ons vrae te beantwoord of met ons te skakel nie!

- **AMAGP Magsbasis**. Teenoor die GEPF magsbasis hierbo, moet AMAGP ‘n magsbasis opbou met ‘n handjie vol vrywillige medewerkers (wat baie manure van hulle aftrede hieraan wy) met beperkte fondse/lede. Ons moet optree op hoofsaaklik indirekte wyses wat tydrowend is, en met die risiko van litigasie teen ons. (In teenstelling hiermee het OUTA, wat reeds 8 jaar bestaan, en wat optree teen korrupsie, meer as 30 besoldigde voltydse werknemers en baie miljoene fondse tot hulle beskikking!!)

- **Werwing**. Nieteenstaande die groot potensiaal van getalle, kundigheid en ondervinding van die lede van die GEPF, asook die algemene aanduidings van korrupsie deur staatsinstellings en wanbestuur van ons pensioengeld, sukkel ons om werwing te doen as gevolg van ons beperkte onderbou maar ook as gevolg van ‘n apatie by lede van die GEPF. Daar is te min pensionarisse en werkende GEPF lede wat bereid is om daadwerklike hulp aan die AMAGP te verskaf, en dit plaas ‘n groot las op die min medewerkers wat tans daarmee betrokke is.

**3.** **Vordering.** AMAGP het egter wel vordering gemaak, waarvan die volgende die belangrikste is:

- **Onderbou.** Die AMAGP se Grondwet is gepromulgeer, die Doel en Beleid is opgestel, en die organisasie is as nie-winsgewend geregistreer (wat een jaar geneem, en ‘n naamsverandering tot gevolg gehad het) by die betrokke regeringsdepartement, en ‘n bankrekening is geopen. Daar is verder ‘n Facebookblad, periodieke elektroniese tydskrif, webwerf en liasseerstelsel in bedryf gestel.

- **Skakeling met die GEPF**. Etlike vergaderings is met die GEPF en die OBK gehou. ‘n “Papierspoor” van navrae oor bepaalde aspekte is aan die GEPF gerig.

- **Informasie Insameling en Vertolking**. Dit vind gedurig en deurlopend plaas. Groot volumes word hanteer. Belangrike navorsingsprodukte word gelewer vir eie aanwending en vir skakeling met ander rolspelers.

- **Skakeling met Ander Belanghebbendes**. Skakeling vind deurlopend plaas met invloedryke individue en organisasies. Samesprekings word periodiek met persone soos Dawie Roodt en Flip Buys, asook met organisasies soos OUTA, Helen Suzzman Foundation, Gryskrag en FW de Klerk Stigting gehou. Ons het ook reeds uitgereik na ‘n aantal vakbonde wat belang het by die GEPF, en suksesvolle gesprek gevoer met die VSA (Vereniging van Staatsamptenare) en Solidariteit.

- **Gedrukte Media, Radio en TV**. ‘n Groot aantal mediaverklarings is gedoen. Daar is rede om te vermoed dat van die verklarings ‘n effek gehad het op die wyse van optrede deur die GEPF en OBK, en selfs op ‘n aantal vakbonde. Sulke verklarings word tydig gedoen – dikwels terwyl oorweging aan ‘n belegging of lening deur die GEPF plaasvind. Koerante dra dikwels ons menings oor aangeleenthede rakende die GEPF – hoewel nie altyd onder ons naam nie. Waar moontlik word insette in radio en TV besprekings gelewer. Ons periodieke nuusbrief, GEPF Monitor, hou lesers op datum met die nuutste relevante nuus, en verskaf ook menings daarby.

- **Sosiale Media**. Ons Facebookblad verskaf ‘n kitsbron van informasie rakende verwikkelinge wat ons pensioen raak, en ons onlangs geaktiveerde webwerf bedien die behoeftes van ons lede wat nie van Facebook gebruik maak nie. Ons beplan ook om binnekort ‘n Twitter blad te skep.

- **Werwing en Fondse**. Daar is vordering met beide, maar tans onvoldoende. Dit het ‘n remmende effek.

- **Insette vir die Parlement**. Ons word dikwels deur parlementariërs versoek vir kommentaar oor GEPF aangeleenthede. Ons woon ook relevante spesiale parlementere sittings by ten einde informasie in te win en om met belangrike persone te skakel.

- **Litigasie**. Ons het nie die fondse om op hierdie stadium te litigeer nie. Waar intussen moontlik, verskaf ons informasie aan ander instansies wat wel wil optree en oor die vermoëns beskik. So het Solidariteit teen die GEPF opgetree om deur middel van die PAIA wet op deursigtigheid aan te dring. Die resultaat was ‘n negatiewe antwoord van die GEPF, maar dit word nou verder gevoer.

- **Spesialis Kundigheid.** In beide die ekonomiese- en regs kundighede is ons tans goed beman. Deurslaggewende studies ten opsigte van die Fonds se volhoubaarheid, kontantvloei en winsgewendheid is onlangs gelewer. Dit word in ons skakeling, vrae aan die GEPF en persverklarings aangewend. Die resultaat van die studies is ontstellend, en verskil van die indruk wat die GEPF by lede laat.

- Kommentaar en vrae op die GEPF se 2017/18 jaarverslag is deur die AMAGP se voorsitter aan die Hoof Uitvoerende Beampte gelewer. Die antwoord was weereens teleurstellend.

**4. Pad vorentoe.**

- Uitbou van ledetal, medewerkers en finansies.

- Litigasie sodra moontlik.

- Uitbou van skakeling en media dekking.

- Ministeriele skakeling en bevraagtekening van die huidige bestel.

**5. Slotsom**. Die AMAGP het daarin geslaag om 'n bewustheid by duisende oningeligte GEPF lede te skep vir die swak/wanbestuur van ons pensioenfonds. Strukture is daargestel en 'n strategie is geformuleer. Die enigste faktor wat die vooruitgang en momentum van die AMAGP terughou, is die beperkte aantal GEPF lede wat bereid is om hul gewig in te gooi by die AMAGP.

-----00000-----